# Rondom Noordrand

*Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!*

## Gereformeerde Kerk Noordrand

**15 Mei 2022**

---

## WELKOM BY ONS EREDIENS

**EREDIENSTYD: 9:30** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Teksvers:** 1 Korintiërs 1 : 4
**Boodskap:** Dankie – Here!

## Eredienste : Noordrand YouTube kanaal

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Lidmate wat weens Covid-19 nie fisies hier kan wees nie, word uitgenooi om 09:00 in te skakel by ons erediens. Kliek op die skakel en kliek dan op die boonste video wat '*Live*' wys: https://www.youtube.com/channel/UCbrJPhe3i4a3YhViZXnzGxw

## Kollektes : 15 Mei

- Diakonie
- Emeritaatsfonds

## DKW – Dinsdag Kuier rondom die Woord

Ons kom Dinsdag 17 Mei om 10:00-11:00 weer bymekaar rondom die Woord. Ons is besig met die boek Openbaring. Almal wat kan en wil, is welkom!

# Meelewing

***Meelewing – Hospitaal***

John Lizamore word nou tuis verpleeg. Ons dank en prys die Here saam met hom en sy gesin vir die genade ontvang.

***Meelewing – Bruilofsvreugde***

Ons dank + prys die Here vir sy liefde wat Hermanus en Jeanne Prinsloo die naweek beleef het toe Lourens die naweek met Landi getroud is.

***Meelewing – spesiale verjaarsdae***

Ons wens Joey Wybenga hartlik geluk met haar 84ste verjaardag eerskomende Dinsdag. Ons bid jou die Here se seën toe vir die nuwe lewensjaar.

# Teeskinkbeurte:

15 Mei: Hanni du Plessis; Mariette Coetzee
22 Mei: Jeanne Prinsloo; Judy Möller; Angeret Breedt
29 Mei: Drienie Vorster, Esthel Venter; Ina vd Berg

***(Ons was nie die koppies na die tyd nie, pak net in wasbak en Samuel was dit op die Maandag)***

## - VERJAARSDAE –

**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**

**17 Mei:** Drienie Vorster; Rainhard Lenz; Joey Wybenga;
**18 Mei:** John Lizamore;
**19 Mei:** Ciska Mohlen;
**21 Mei:** Werner Venter



Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

**WYSHEID UIT SPREUKE**

Spreuke 23:24/25

'n Vader van 'n kind wat reg doen, voel baie gelukkig; 'n wyse seun verskaf sy vader groot vreugde. Mag ook jou vader die vreugde hê, mag ook jou moeder wat jou in die wêreld gebring het, so gelukkig wees!

## *Lofprysing en Psalms*

*FFortissimo* hou Sondag 12 Junie om 15:00 `n lofprysings samekoms in ons kerkgebou.

Die geleentheid huldig die orrelis prof Henk Temmingh met die première van 4 Bedevaartsliedere wat deur hom geskryf en gekomponeer is. Die program sluit ook werke in van Leonard Bernstein, Howard Goodall, César Franck (wie se geboorte ons 200 jaar gelede herdenk) en Awie van Wyk. Die begeleiding op orrel en/of klavier word deur ons orrelis, Daniela Pretorius, Marnus Greyling en Gideon Els behartig. Daar sal ook samesang wees. Die vokale ensemble – *FFortissimo* – se doel is om deur middel van sang ons lofprysing aan die Here te gee. Die geleentheid sal geestelik verrykend wees.



## *GEDAGTE VIR DIE DAG*

Doen altyd wat reg is.
Jy sal 'n paar mense tevrede stel en die res absoluut verstom.
*- Mark Twain -*

## ***Ons weier dat hoop verlore raak wanneer oorlog opdaag***

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

*"I'm fed up to the ears with old men dreaming up wars for young men to die in."* So het George McGovern gesê. Inderdaad! Ons harte skeur as ons sien watter wreedhede in die Oekraïne gepleeg word. Niemand is ooit wenners, wanneer oorlog uitbreek nie. Die grootste verloorders is uiteindelik al die onskuldiges, wat in die kruisvuur beland. Dit herinner my aan die tragiese woorde van Openbaring 18:22-24, wat vertel hoedat oorlog alle skoonheid vernietig. Dit doof die stemme uit van siters- en fluitspelers. Dit bring 'n einde aan die mooi handewerke van ambagsmense en kunstenaars. Dit verdryf die vrolike stemme van 'n bruidegom en 'n bruid en elkeen, wat saam met hulle feesvier.

Paulus leer ons in Romeine 12:15 om te huil en treur saam met elkeen, wat huil en treur. Ons moet weet en glo elke pleitgebed van ons vir die slagoffers van geweld en oorlog bereik God se genadetroon. Elke traan, elke sent, elke trooswoord en elke uitreik van ons maak 'n klein verskil. Terwyl ons almal op ons eie maniere saam met die slagoffers van oorlog en geweld ly en treur, weier ons ook dat die Here se vlam van hoop ophou brand. Ons weier dat God se feesmusiek uitgedoof word.

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**ADMIN BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Daniela Pretorius
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan